Absa KKNK 2010 Feesprogram 1 – 8 April

***LET WEL:** Die program en rolverdelings is onderhewig aan verandering.*

Feesgids

Die amptelike Absa KKNK 2010-feesgids sal teen einde Maart by die feeskantoor in Oudtshoorn asook tydens die fees beskikbaar wees. Die volkleur-feesgids – met uitgebreide inligting oor al die produksies en verskeie gratis aanbiedings, die dagprogram en 'n roetekaart – sal teen R20 (BTW ingesluit) elk verkoop word.

Absa KKNK
3de vloer, Seppie Greeffgebou,
Voortrekkerweg, Oudtshoorn, WesKaap
Tel. 044 203 8600
Faks 044 272 7773
E-pos: info@kknk.co.za
www.absakknk.co.za

Koebaai kinderskoene!

'n Kaalkop Swanemeer.
'n Nuwe baadjie vir die feesdistrik.
Die drie snaaksste vroue in Suid-Afrika saam op een verhoog.
'n Gevierde dramaturg wat sy 70ste verjaardag vier, 'n Broadwaywenner in Afrikaans, 'n bekroonde skrywer se roman word
musiekteater en 'n kampvuurdrama onder die Klein Karoosterre.
'n Volkleurklankbaan van Afrikaanse musiek, wat selfs 'n Franse draai gaan maak.
'n Aksiekomedie met 'n tikkie Indiana Jones en 'n knypie Lara Croft.
'n Aangrypende eerstehandse ondersoek van manwees deur die aan-die-bas-ervaring van 'n vrou.
En 'n groep dansers wat letterlik met water en vuur speel!
Só lyk net 'n vlugtige blik op vanjaar se Absa KKNK-feesprogram.
Lees gerus oor dié en soveel ander bekoorlike kunservarings wat beloof om die 16de jaarlikse kunstefees op Oudtshoorn 'n onvergeetlike ervaring te maak. Kom deel saam met ons in die pret!
"Sweet sixteen", die jaar waarin Suid-Afrika se toonaangewende Afrikaanse kunstefees haar kinderjare begin afskud, haar eie rigting met vertroue inslaan en by beide die bal en laatnagjol tiekiedraai.
'n Dikwels euforiese samevloeiing van kuns en kuier, gewaarwording en gemoedelikheid.
Dít en nog baie meer is wat die Absa KKNK 2010 beloof.
Vanjaar se program bied 'n keur van die land se voorste kunstenaars, insluitend drama, komedie, dansteater, kabaret, musiekteater, woordkuns en visuele kuns. Ons bou ook voort op Oudtshoorn Oraloor, ons aanbod van omgewingspesifieke optredes, straatgebeurtenisse en installasies in die buitelug wat verlede jaar met soveel entoesiasme ontvang is. Op die koop toe spog ons feesdistrik met 'n nuwe baadjie, die mees omvattende verbetering in die uitleg en werking van ons buiteverhoë sedert die fees se ontstaan. Besoek gerus ons bekostigbare nuwe "Rivierbuurt", waar die stalletjies van die Absa Kuns- en Vlooimark, die Huisgenoot Musiekplaas, verskeie kuierareas,drie bykomende buiteverhoë en die speelparke saamgevoeg word – alles 'n platform vir die breedste spektrum van musiek in Afrikaans. Oudtshoorn skud sy vlerke reg om julle vanaf 1 tot 8 April met ope arms te verwelkom. Sien julle daar!

Brett Pyper, Uitvoerende Hoof:
Absa KKNK

If I don't understand Afrikaans (or just a little), what does the festival offer me?

Though the Absa KKNK remains the première South African festival for theatre and music in Afrikaans, our programme offers much theatre, music, dance and visual art that is accessible to a wider audience.
Please visit our website at www.absakknk.co.za and click on "More than Afrikaans" for details.

KLASSIFIKASIE

T – Taal G – Geweld S – Seks N – Naaktheid V – Vooroordeel D – Diviniteit OB – Ouerbegeleiding

TONEEL

As die broek pas

Drama Afr. Geen o/16 T
Teks: *Manfred Karge*
Vertaling: *Willem Anker*
Regie en ontwerp: *Marthinus Basson*
Met *Antoinette Kellermann*

Antoinette Kellermann ontgin die realiteit van manwees eerstehands deur die aan-die-ba-servaring van 'n vrou. In die haglike ekonomiese omstandighede van Duitsland tussen die twee Wêreldoorloë, neem 'n werkersklasvrou na haar man se dood sy werk en identiteit aan ter oorlewing. Haar ervaring van die rituele van mansgedrag, die toenemende impak van Hitler en Nasionaal Sosialisme op die Duitse bevolking, en haar enkel patetiese poging om terug te keer na vrouwees en liefde, word 'n aangrypende teatrale ervaring van vereensaming en oorlewing. Ko-produksie: Absa KKNK en Woordfees. Ondersteun deur die Nasionale Kunstefees.

75 min. R90 Laerskool Van Reedesaal
1 Apr. 15:00 2 Apr. 20:30 3 Apr. 09:00 4 Apr. 13:30 5 Apr. 09:00

Adam September en die Nazi-skat

Aksiekomedie Afr. en Eng.
OB T
Teks en regie: *Chris Vorster*
Met *Marius Weyers, Ben Kruger, Ivan Abrahams, Christo Davids en Albert de Villiers*

Die wenner van die 2009 ATKV-Woordveertjie vir dramateks

Die Nazi's het aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog 'n skat in Duitswes-Afrika

weggesteek. Die ekspedisie het in die woestyn vergaan en die skat het ’n legende geword. In 1979 word ’n joernaal in die woestyn opgetel en die legende kry ’n tweede asem. Heintz Himler en sammajoor Wolf Basson is die bloedhonde wat vir Adam September en sy seun Jodi jag. Adam weet iets, maar hy’s nie seker wát nie. Heintz weet meer as wat hy voorgee, maar steeds minder as Adam. Jodi is ’n dief met ’n goeie hart en Wolf is so dom soos woestynsand. ’n Aksiekomedie met ’n tikkie Indiana Jones en ’n knypie Lara Croft. Ko-produksie: Absa KKNK en Aardklop.

80 min. R95 kykNET Hoërskoolsaal
2 Apr. 12:00 3 Apr. 18:00 4 Apr. 09:00 5 Apr. 20:30 6 Apr. 15:00

Betésda

Debuut

Drama
Veeltalig Geen o/14 T V
Teks en regie: *Nicola Hanekom*
Musiek: *Braam du Toit*
Choreografie: *Fiona du Plooy*
Met *Neels van Jaarsveld, Stian Bam, Gretha Brazelle, Bronwyn van Graan, Eben Genis, Carishma Basday en Mark Elderkin*

Betésda is ’n omgewingspesifieke drama wat die storie van Betésda in die Bybel as vertrekpunt gebruik. Dit vind plaas in en rondom ’n munisipale swembad. ’n Groep mense, wat hunker na genesing, wag op die koms van ’n engel wat met een duik in die water hul van hul siektes kan genees, maar daar is onverwagse omwentelinge. Die stuk wat as ’n lagwekkende, apokaliptiese reis beskryf kan word, ondersoek die soms magiese wêreld van verlore drome. Die drama duik met groot paddavoete aan die diepkant in en draai nie om nie. *Betésda* is die plek waar harte ontplof op die maat van musiek en hoop ontbind in helder kleure. ’n Oraloor-aanbieding.

60 min. R90 NA Smitswembad
1 Apr. 19:00 2 Apr. 19:00 3 Apr. 19:00 4 Apr. 19:00 5 Apr. 19:00 6 Apr. 19:00 7 Apr. 19:00

Bloemers & roemers

Debuut

Skerpskerts
Afr. Volwasse
Regie: *Casper de Vries*
Met *Margit Meyer-Rödenbeck, Marion Holm en Karen Wessels*

Die drie snaaksste vrouens in Suid-Afrika saam op een verhoog… Alle grappies in ’n slootjie – hierdie gaan ongetwyfeld die lekkerste produksie op die fees wees. Gooi die talent van hierdie drie blondines saam in een pot, voeg ’n knippie satire, twee eetlepels skerpgeit en perfekte *comic timing* daarby en ’n mens het die resep vir skerpskertskomedie op sy beste. Dit is die eerste keer dat al drie dié komediante saam op die verhoog sal wees. Stoom jou bloemer, brand jou bra of gooi jou boxer-broek verhoog toe, maar maak seker jy kry jou kaartjie.

60 min. R95 kykNET Hoërskoolsaal
5 Apr. 18:00 6 Apr. 12:00 6 Apr. 20:30 7 Apr. 15:00 8 Apr. 12:00

Die naaimasjien

Drama
Afr. Volwasse
Teks: *Rachelle Greeff*
Regie: *Hennie van Greunen*
Met *Sandra Prinsloo*

Met hierdie kragtoer-vertolking, lei Sandra Prinsloo haar gehoor met deernis, humor en wysheid deur die lewe van die 81-jarige Magdaleen op die dag waarop sy haar geliefde naaimasjien moet verkoop. Soos Magdaleen haar Bernina skoonmaak, vat sy ons terug na ’n tyd van melkaflewerings, moerkoffie en kouse met nate. En sy herinner ons hoe ’n ma, soos ’n Baboeshka-poppie, binne-in elkeen van haar kinders staan.

Die 2008 Nagtegaal-tekspryswenner, die wenner van twee Kannapryse by die 2009 Absa KKNK en die gewildheidsprys by Aardklop.

75 min. R90 Griesselsaal
5 Apr. 16:00 6 Apr. 15:00 7 Apr. 09:00 7 Apr. 18:00 8 Apr. 09:00

Die laaste Afrikaanse superhero

Debuut

Komedie
Afr. Geen o/10 T
Teks en regie: *Leon Kruger* ***Met*** *Leon Kruger en Esther von Waltsleben*

Die laaste Afrikaanse superhero is ’n handleiding vir die moderne man met outydse waardes; ’n stuk waarin die komiese akteurs Leon Kruger en Esther von Waltsleben vir die eerste keer kragte saamspan. Mans wil soos hy wees en vrouens wil hom hê! Dit is die storie van Pieter Vermaak, ’n doodnormale Afrikanerseun, sy naam kon net sowel Boeta gewees het. Pieter droom daarvan om eendag iets groots te doen, iets wat die wêreld ’n beter plek kan maak, iets wat hom kan laat uitstyg bo die res. In ’n wêreld sonder helde – Superman se rooi onderbroek is gesteel, Batman en Robin het afgetree in Kleinmond, Spiderman het nie die voet sien kom nie en Nelson Mandela wil nie meer vlieg nie – het hy besluit om dié fakkel oor te neem. ’n Komedie waar probeer nie noodwendig die beste geweer is nie en tyd niks leer nie en as daar wenners is, moet iemand seker die *loser* wees!

70 min. R85 Griesselsaal 1 Apr. 16:00 2 Apr. 20:30 3 Apr. 09:00 4 Apr. 15:00

Die proponentjie

Debuut

Klug/komedie
Afr. Gesin
Teks: *Pieter Fourie*
Regie: *Paul Eilers* ***Met*** *Deon Lotz, Susanne Beyers, Erica Wessels, Ilse Oppelt, Roeline Daneel, Lulu Botha, Hannatjie Smit, Lynita Crofford en Antoinette Louw*

Op Duskantdroogtefontein in die laat jare 50 is water net so skaars soos hubare jong mans. Vroue (van 20 tot anderkant 50) is daar egter in oorvloed. Wanneer die nuwe jong predikant sy intrek neem, is daar dus vele gewillige, vlytige, versiende ma’s en dogters wat vir ds. Gaffie wil help met gordyne, meubels en breekgoed vir sy karig gemeubileerde pastorie. Die belangrikste is egter dat die proponentjie se nuwe woning ’n

pastorie-moeder moet kry! Grote Grieta, Dollie Diamonds en Sarie Boerewors is bykans almal eerste op die toneel met hul jong, ongetroude dogters op sleeptou. Die huishoudster, Rachel, het egter ook ’n sê in wie haar intrek daar gaan neem. Is dit Kleingriet, Tiene Trêweller of Hannie Hallelujavoetjies?
Almal haal uit om die jong predikant te beïndruk en te “werf.” Maar wie gaan uiteindelik die paal haal? Is daar miskien niemand of iemand met wie daar nie rekening gehou is nie? Hierdie stukkie verspottigheid is ’n huldeblyk aan ’n dorpie en sy mense uit Pieter Fourie se kinderdae. Fourie vier tydens vanjaar se Absa KKNK – op Saterdag 3 April – sy 70ste verjaardag. Ko-produksie: Absa KKNK en Aardklop.

90 min. R95 ATKVouditorium
1 Apr. 09:00 2 Apr. 20:00 3 Apr. 10:00 4 Apr. 14:00

Dinsdae by Morrie

Drama
Afr. Gesin
Teks: *Mitch Albom en Jeffrey Hatcher (oorspronklik* Tuesdays with Morrie*)*
Regie, vertaling en verwerking: *Hennie van Greunen*
Met *Chris van Niekerk en Pedro Kruger*

In die roerendste toneelgebeurtenis van 2010 kom dié topverkoperboek na die Afrikaanse verhoog. Wanneer Morrie met ’n terminale siekte gediagnoseer word, maak Tiaan – een van sy oudstudente – weer kontak met hom. Oor die volgende weke sien ons met patos en humor hoe sy naderende dood Morrie laat fokus op die dinge wat werklik saak maak. Deur die skepper van die verhoogtreffer *Shirley Valentyn*.

90 min. R90 kykNET Hoërskoolsaal
2 Apr. 20:30 3 Apr. 09:00 4 Apr. 15:00
5 Apr. 12:00 6 Apr. 09:00 7 Apr. 20:30

Dowwe Dolla 007: geskud, nie gepluk nie

Skerpskerts
Afr. Geen o/16
Teks en regie: *Hennie van Greunen* ***Met*** *Margit Meyer-Rödenbeck*

Eers was daar Honey Ryder. Plenty O’Toole. Pussy Galore. En nou Dolla. Dowwe Dolla. 007. Sy drink haar Martini geskud, nie gepluk nie, dankie. Sy moet die wêreld red. Alweer. Want Jurie lyk daagliks meer soos ’n robbie(s). En Julius Malema sê ma’ vi’ sy grêmma Julius wil ’n Mercedes hê. En arme Caster praat so diep want daar’s ’n brulpadda in haar keel. Kom vind meer uit! Dowwe Dolla 007: license to trill!

70 min. R80 kykNET Hoërskoolsaal
1 Apr. 18:00 2 Apr. 15:00 3 Apr. 12:30 6 Apr. 18:00 8 Apr. 09:00

Dood van ’n verkoopsman

Debuut

Drama
Afr. OB
Teks: *Arthur Miller (oorspronklik* Death of a Salesman*)*
Vertaling: *Andries Vrey*
Regie: *Bobby Heaney*
Met *Ben Kruger (as Willie), Bettie Kemp (as Linda), Louis van Niekerk, Johan Baird, Zetske van Pletzen, Jody Abrahams en Paul du Toit.*

Willie Loman kén van tussenin – dis waar hy homself sy lewe lank nog bevind. Maar in die lewe van ’n verkoopsman is daar nie veel tussen ’n Skyline en ’n Camry nie; nóg minder tussen Cheddar en rooiskilkaas. Ná 36 jaar kyk hy terug op die langpad terwyl sy wiele plek-plek die *gravel* raaktrap. Nou’s dit sy laaste “tussenin”... iewers tussen ’n brug*railing* en ’n *hosepipe*. Bobby Heaney, die gesoute verhoog- en TV-regisseur van onder andere die TV-reeks *Erfsondes*, behartig die regie en word bygestaan deur Henriëtta Gryffenberg. Heaney was voorheen die regisseur van *Death of a Salesman* met wyle Bill Flynn in die hoofrol, ’n produksie wat landwyd groot gehore getrek het.
Death of a Salesman is in 1949 vir die eerste keer in die VSA opgevoer en het die Pulitzerprys vir drama gewen asook die Tony-prys vir drama. Moontlik gemaak deur die Feestrust. ’n Aardklop-inisiatief.

150 min. R100 ATKV-ouditorium
5 Apr. 09:00 6 Apr. 19:30 7 Apr. 09:00 7 Apr. 14:00 8 Apr. 14:00

Draadwerk

Drama Afr. Volwasse
Teks: *Daleen Kruger*
Regie: *André Stolz*
Met *Aletta Bezuidenhout en Denver Vraagom*

’n Drama oor die fabelagtige Uilhuis en die hegte vriendskap tussen die bejaarde en geheimsinnige wit vrou, Helen Martins, en die jong bruin man, Koos Malgas. “As jy hier in die Karoo bly en jy wil in die Vallei van Verlatenheid *survive*, dan bid jy die Here het ’n paar ekstra knope in jou *wiring* gemaak…” – Koos Malgas.

Die 2009 Nagtegaal-tekspryswenner

90 min. R90 Griesselsaal
1 Apr. 12:00 2 Apr. 15:00 3 Apr. 15:00
3 Apr. 20:30 4 Apr. 18:00

Ella se perde

Drama
Afr. Gesin
Teks en regie: *Charles J. Fourie* ***Met*** *Mary Dreyer en Neels Coetzee*

Die eksentrieke ‘perdevrou’ van die Overberg kry lewe op die verhoog in hierdie treffende toneelstuk deur die bekroonde dramaturg Charles Fourie. Ella Gordon stel haar testament met die hulp van haar predikant op, en haar versoek om haar perde saam hemel toe te neem, lei tot ’n komiese en roerende gesprek oor die hiernamaals en vergifnis. Diane de Beer beskryf die produksie in haar resensie in *Star Tonight* as volg: “Charles Fourie’s new script, is a gem and starring the talented yet little seen Mary Dreyer, it’s a glorious and spirited telling of an unusual life.”

60 min. R75 Jack Hindon-lokaal
6 Apr. 19:00 7 Apr. 17:30 7 Apr. 20:00 8 Apr. 12:00

God van chaos

Debuut

Die Laurence Olivier-prys vir beste nuwe komedie asook drie Tony-pryse (onder andere beste nuwe toneelstuk van 2009 op Broadway)

Drama/komedie
Afr. Geen o/10
Teks: *Yasmina Reza (oorspronklik* God of Carnage *in Engels)*
Vertaling (uit Frans) en verwerking: *Trix Pienaar en Hennie van Greunen*
Regie: *Hennie van Greunen*
Met *Anna-Mart van der Merwe, Johann Nel, Martelize Kolver en Leon Kruger*

Wanneer die Villiers-egpaar die Le Rouxs nooi om 'n bakleiery tussen hulle seuns uit te sorteer, ontaard dié beskaafde bespreking in 'n volskaalse voorstedelike burgeroorlog. Alan le Roux se selfoon is chirurgies aan sy oor vas, Yvonne Villiers verstaan nie die barbaarsheid van die kontinent waarop sy woon nie, Annette le Roux probeer almal kalm hou en Magiel Villiers word ontmasker as 'n marmotmoordenaar. Die humor is vinnig, bytend en donker. Ko-produksie: Absa KKNK en Innibos.

90 min. R100 ATKV-ouditorium
1 Apr. 20:00 2 Apr. 09:00 3 Apr. 20:00
4 Apr. 10:00 5 Apr. 20:00

Impi

Komedie
Afr. Gesin
Teks: *Ilné Fourie*
Regie: *Pieter Venter*
Met *Ilné Fourie*

Ilné Fourie, wenner van die SPAT-prys vir beste akteur tydens die 2008 Absa KKNK, met haar eerste skerpskerts solovertoning *Impi*, is hier. *Impi* is 'n komiese verhaal uit die pen van Fourie, wat handel oor 'n meisie, genaamd Meisie, wat vanuit die middel van die platteland, na die Groot Stad toe trek. Die aktrise Marion Holm sê: "Dis so vars! Dis nuwe goed en dis lekkerrrrrr!"

65 min. R75 Jack Hindon-lokaal
3 Apr. 09:00 4 Apr. 20:30 5 Apr. 20:00 6 Apr. 14:00

Hoe 'n man se kop werk – 'n Manlike KATarsis

Komedie
Afr. Geen o/16 T
Teks: *Robert Dubac (oorspronklik* The Male Intellect – an Oxymoron?*)*
Regie en vertaling: *Elzette Maarschalk* ***Met*** *Altus Theart*

Die akteur Altus Theart (Fafa Beltrami in *Getroud met rugby*, Killer Botha in *Bakgat*, Henk Landman in *Kruispad*) wat verlede jaar tydens die Absa KKNK in *Samoerai* te sien was, speel die rol van Bobby in dié skreeusnaakse solokomedie. Nadat Bobby een aand vir sy verloofde gesê het hy het *space* nodig, het sy haar gewip en gewaai. Hy maak staat op die raad van ouens soos Jean-Michel, Die Kolonel, Vinnige Freddie, Oom Kallie Langeveld en Ronnie Cabrizzi om hom te help uit-*figure* wat dit is wat 'n vrou nou eintlik wil hê...

80 min. R100 Jack Hindon-lokaal
1 Apr. 20:00 2 Apr. 10:00 3 Apr. 20:00 4 Apr. 18:00

Maskermaan

Drama
Afr. Geen o/10 T
Teks: *Cecilia du Toit*
Regie: *Nico Luwes*
Met *Gerben Kamper, Peter Taljaard, Babes Mpatseng en Maria de Koker*

Maskermaan, een van die top5-finaliste in die 2008 Nagtegaal-tekspryskompetisie, debuteer in 2009 tydens die Volksbladfees en word geloof as 'n literêre en teatermatige hoogtepunt. Die digter Louis Leipoldt poog om Eugène Marais te help in sy stryd teen verslawing. In hierdie harde skaakspel word maskers weggeruk sodat elkeen verskillende fasette van homself in die oë moet kyk. Die gesprekke gaan oor digterskap, die natuur en kennis van die veld.

95 min. R80 Laerskool Van Reedesaal
1 Apr. 20:30 2 Apr. 16:00 3 Apr. 15:00 4 Apr. 17:30

Met die Holm gebore

Debuut

Komedie
Afr. Geen o/14
Teks: *Chris Vorster en Marion Holm*
Regie: *Chris Vorster* ***Met*** *Marion Holm*

Om met die helm gebore te wees, is een ding, maar om met die Holm gebore te wees, is nie net één ding nie... Dit is nóg 'n ding en vier ander goed saam met 'n stuk watsenaam en sewe uitroeptekens! Julle ken vir Sussie... ontmoet nou vir Marion!

70 min. R80 kykNET Hoërskoolsaal
1 Apr. 20:30 2 Apr. 09:00 3 Apr. 20:30
4 Apr. 18:00 5 Apr. 15:00 7 Apr. 09:00

Kap Án

Drama
Afr. Gesin
Teks: *Abduragman Adams en Riaan Visman*
Regie: *Abduragman Adams* ***Met*** *Riaan Visman, Euodia Samson, Charlton-Lee George, Eldene Jones en Irshaad Ally*

Sharlton September (22) verlaat sy ouerhuis vir 'n beter lewe in die groot stad. Vinnig bevind die taxi-gaatjie homself in 'n geveg tussen goed en sleg. Struikelblokke soos die dwelm Tik en bendebedrywighede wil sy droom om taal en kultuur te gaan studeer, kniehalter. Word hy deel van 'n globale mode wat vir sommige jong mense in Kaapstad aanloklik is? Moontlik gemaak deur die SBA.

75 min. R65 Griesselsaal
5 Apr. 12:00 6 Apr. 09:00 6 Apr. 20:30 7 Apr. 15:00 8 Apr. 15:00

Skrapnel

Drama
Afr. Volwasse Geen o/14 T
Teks: *Willem Anker*
Regie en ontwerp: *Jaco Bouwer*
Musiek en Klank: *Braam du Toit*
Beligting: *Michael Maxwell* ***Met*** *Marcel van Heerden, Andrew Thompson en Jenine Groenewald*

7 Julie 2005: 'n Reeks gekoördineerde selfmoordbomaanvalle word tydens

spitsverkeer geloods op Londen se openbare vervoerstelsel. Een van die slagoffers is jong Suid-Afrikaner, Christiaan Rudolph de Wet Botha. *Skrapnel* is die skrapnel van Chris se lewe, losgeslane fragmente van ’n ongeleefde lewe en ’n ontheemde generasie. Dit vertel Chris se verhaal in ’n reeks kort tonele wat terugwerkend en assosiatief op mekaar volg. Die stuk wil ’n tydsdokument wees van ’n geslag Afrikaanse jongmense wat sonder wortels en sonder uitsig die wêreld invaar, nie op soek na iets nie, maar dwalend deur ’n globale *shopping centre* van seks, dwelms en visas.

90 min. R85 Laerskool Van Reedesaal
2 Apr. 11:00 3 Apr. 20:30 4 Apr. 09:00 5 Apr. 14:00 6 Apr. 17:30

Oupa en Ouma sit op die stoep en raak romanties

Debuut

Komedie
Afr.
Teks en regie: *Leon Kruger*
Met *Johan Botha en Lida Botha*

Ná die landwye sukses van die eerste *Oupa en Ouma sit op die stoep* is die getroudes Stanley en Debora Vermeulen nog lank nie klaar nie. Hulle is meer as 40 jaar getroud en alhoewel hulle soms wonder hoekom, is hul gunsteling-tydverdryf steeds mekaar. Hulle stry oor nietighede wat so kenmerkend van ou getroudes is. Sy maak sy sinne klaar en hy hou van kla. Hy skree Saterdae op die skeidsregter en sy draai die volume af. Sy wil nou en dan hoor sy’s die mooiste vrou in die wêreld en hy weier om te erken hy word dalk bietjie doof. Sy wil dans; hy wil skud. Sy hou van skinder, skielik hoor hy glad nie. Maar as die son begin sak, hulle die kombersie oor die knieë trek en hul in stilte wag vir die krieke om te begin sing, wil hulle nêrens anders wees nie. Kom lag lekker saam met Oupa en Ouma.

65 min. R85 Jack Hindon-lokaal
1 Apr. 12:00 2 Apr. 18:00 3 Apr. 15:00 4 Apr. 12:00 5 Apr. 10:00

My Sarie Marais

Drama
Afr. Volwasse Geen o/14
Teks: *Deon Opperman*
Regie en ontwerp: *Deon Opperman* ***Met*** *Deon Coetzee en Hanli Rolfes*

’n Vrou keer vir die eerste keer ná twintig jaar terug na die plaas waar sy grootgeword het en ontdek dat die plaas nou besit word deur die man op wie sy as jong meisie verlief was. Hy is nooit getroud nie. En so begin ’n verhaal van herontdekking, konfrontasie, vergifnis en uiteindelik die insig dat daar in woede baie dinge geskreeu word, maar dit beteken niks nie. Dis die dinge wat gefluister word wat alles beteken. ’n Mens skreeu: ‘’Ek haat jou!’’ Maar ’n mens fluister: ‘’Ek het jou lief.’’ *My Sarie Marais* is Opperman se eerste drama vir die verhoog ná 2007 se *Kaburu*, waarmee Opperman met sy tweede Hertzogprys bekroon is. Dit is die eerste van drie dramas wat as *Die Mooirivier*-trilogie bekend sal staan.

75 min. R105 kykNET Hoërskoolsaal
2 Apr. 18:00 3 Apr. 15:00 4 Apr. 12:00 4 Apr. 20:30 5 Apr. 09:00

Sing

Komedie
Afr. Geen o/14 T
Teks: *Wikus du Toit*
Musiek: *Dawid Boverhoff*
Regie: *Alby Michaels*
Met *Tobie Cronjé, Lizz Meiring en Terence Bridgett*

Dit is die 1600’s aan die Franse hof van koning Lodewyk XIV, die sonkoning. Toon (Terence Bridgett) en Tril (Tobie Cronjé) wag vir die koning se minnares, Madame Ratuur (Lizz Meiring) om te arriveer vir ’n sangles, terwyl ’n opdrag van koning Lodewyk deur die geheime gleuf verskyn: “Ratuur is oorbodig en moet van kant gemaak word!” *Sing* laat jou na jou asem snak, en nie net altyd van die lag nie!

60 min. R120 Sanlam Gimsaal
4 Apr. 19:00 5 Apr. 20:30 6 Apr. 09:00 7 Apr. 20:30 8 Apr. 09:00

Taraboemdery

Die wenner van die 2009 Innibos-prys vir beste kunstenaarsbydrae

Drama
Afr. Gesin
Teks: *Chris Barnard*
Regie: *Albert Maritz* ***Met*** *Milan Murray, Neil Sandilands, Richard van der Westhuizen, Pierre van Heerden en Petro van den Heever*

Die skrywer Chris Barnard, wat reeds twee keer met die Hertzorg-prys bekroon is, was verlede jaar 70 jaar oud. Ter viering het die regisseur Albert Maritz dié gesogte Barnard-stuk tydens die Innibos-fees in Nelspruit op die planke gebring. *Taraboemdery*, wat in 1976 in opdrag van Oude Libertas geskryf is, is nadat dit in die voormalige Suidwes-Afrika (nou Namibië) opgevoer is, verban. “Die spelpeil is uitsonderlik hoog, en die tamboer wat met soveel geskal en omstredenheid sy verhoogstuk *Taraboemdery* in die 1970’s aangekondig het, weergalm met ewe veel lewenskragtigheid,’’ het Paul Boekkooi in die *Laevelder* geskryf. “*Taraboemdery* is ’n bykans smetlose produksie van ’n klassieke Afrikaanse stuk, wat sy tydlose relevantheid opnuut bevestig.” Die drama word as deel van Oudtshoorn Oraloor in ’n opelug-amfiteater onder die sterre aangebied. Ko-produksie: die Absa KKNK en Innibos.

80 min. R90 Jamstreet Amfi 1 Apr. 18:00 2 Apr. 18:00 3 Apr. 18:00 4 Apr. 18:00 5 Apr. 18:00 6 Apr. 18:00

The Famished Road

Winner best actor award (Themba Ntuli) at Aardklop 2009

Drama
Eng. No u/8 PG
Text: *Ben Okri (based on his novel)*
Direction: *Helen Iskander and James Cuningham*
With *Themba Ntuli, Mongi Mthombeni, Sibulele Gcilitshana, Alfred Kunutsor, Zoey Lapinskey, Helen Iskander, Tinah Mnumzana and Mncedisi Shabangu*

The story of Azaro, a spirit-child born in Africa. He is not supposed to stay on earth and is continually beckoned back to the spirit world by his spirit companions. But he falls in love with his parents and finds a way to stay. This eight-strong ensemble combines the stark reality of the real world with the rich spirit world to take the audience on a transcendent journey, evocative of Okri’s writing. From the co-creators of *Baobabs*

don't Grow Here, Fresco Theatre's latest collaboration will delight audiences.
85 min. R90 Laerskool Van Reedesaal
6 Apr. 10:00 7 Apr. 09:00 7 Apr. 17:30 8 Apr. 10:00

Vaselinetjie

Wenner van die M.E.R-prys,
die Jan Rabie/Rapport-prys,
die M-Net-prys en word op die
internasionale IBBY-ererol geplaas.

Drama
Afr. Geen o/13 T
Teks: *Anoeschka von Meck*
Verwerking: *Hugo Taljaard*
Regie: *Henry Mylne*
Stelontwerp (Pop Art): *Corné Venter*
Beligtingsontwerp: *Izak Fürstenberg*
Met *Vinette Ebrahim, Theodore Jantjies, Kaz McFadden, Andrea Streso, Dustin Beck, William Constable, Chanelle Davids, Theunis Fick, Elandri Koegelenberg, Johan Marais, Danel Maree, Ilke Opperman, Dean Smith, Kay Smith, Ryan Steenkamp en Mar-li van der Merwe*

Helena Bosman, oftewel Vaselinetjie, is 'n wit weggooi-kind wat deur 'n bruin paar, wat sy slegs as Oupa en Ouma ken, grootgemaak word. Toe sy tien jaar oud is, stuur die welsyn haar na 'n weeshuis waar Madiba se weggooikinders bly. Dit is 'n harde en gevaarlike wêreld in die weeshuis waar 'n mens se hare afgeskeer word en jy planne maak om weg te hardloop. Die naam wat egter keer op keer opduik, is dié van Texan Kirby... 'n naam wat vreemde dinge aan Vaselinetjie se hart doen! Ko-produksie: Absa KKNK en die Suidoosterfees.

90 min. R90 ATKV-ouditorium
5 Apr. 16:00 6 Apr. 10:00 6 Apr. 15:00 7 Apr. 20:30 8 Apr. 10:00

WOORDKUNS

Baby as ek verby ry

Afr.
Teks: *Dana Snyman*
Musiek en verwerkings: *Klopjag*
Regie en samestelling: *Sallas de Jager*
Met *Dana Snyman (verteller) en Klopjag (JohnHenry Opperman, Marie-Louise Pretorius, Sallas de Jager, Dawie de Jager, Morne Bam en Werner Griesel)*

Baby as ek verby ry bring twee groot geeste in hul onderskeie genres byeen. Dit bied aan die teaterganger 'n emosionele reis wat jou oplaai in die Daniëlskuil van die gewilde skrywer en joernalis Dana Snyman se jeug en jou op al die agterpaaie saamvat en aflaai in die realiteit van die 21ste eeu. Al bagasie wat jy nodig het, is lag, verbeelding en jou ore, die res sal jy langs die pad optel.

60 min. R80 Laerskool Noordsaal
1 Apr. 21:00 2 Apr. 12:00 3 Apr. 18:00 4 Apr. 15:00 5 Apr. 09:00

Denver Vraagom – Live en ingeplug

Afr. Geen o/16
Teks: *Denver Vraagom en Ben Kruger, met die poësie van Peter Snyders en ander*
Regie: *Ben Kruger* ***Met*** *Denver Vraagom*

Live en ingeplug is 'n skreeusnaakse karaoke-kabaret wat die wel en wee volg van Kannetjie Kleingeweld – die karaokekoning van Kaapstad. Kannetjie, gespeel deur Denver Vraagom, verduidelik sy, somtyds, eienaardige lewensfilosofie aan die hand van poësie, bekende liedjies en stories. Kannetjie het probleme met sy ma, sy vrou, Meryl, en sy geldskieter, Kanna, wat aanmekaar dreig om na sy huis toe te kom. Maar deur dit alles glo Kannetjie vas dat "the show must go on!" Hy byt vas en vermaak sy gehoor teen wil en dank. Dit is interaktiewe teater op sy beste.

70 min. R70 Die Neelsieteater
6 Apr. 15:30 7 Apr. 19:30 8 Apr. 13:00

Verse in my vingers

Afr. Geen o/14
Regie en samestelling: *Juanita Swanepoel*
Met *Johann Nel, Waldemar Schultz, Hugo Theart, Eugenie Wiggens en Laurinda Hofmeyr*

In November 1975 sê Breyten Breytenbach tydens sy verhoor in die Paleis van Justisie in Pretoria: "Ek voel, ek wéét ek het nog baie gedigte in my vingers en skilderye in my oog". By 'n ander geleentheid weer: "Wat my betref – ek wil probeer skryf vir hiér, vir nóú. Ek wil in my werk so na moontlik probeer kom aan die verbygaande – nie die ewige nie, dié was altyd daar. En die ewige sê niks. Dis die verbygaande wat seer maak, die plaaslike". *Verse in my vingers* is saamgestel ter viering van Breyten Breytenbach se 70ste verjaarsdag, verlede jaar. Laurinda Hofmeyr begelei hierdie magiese reis deur die werk en lewe van Breyten Breytenbach. Vir meer inligting besoek www.verseinmyvingers.co.za

90 min R80 Laerskool Noordsaal
5 Apr. 12:00 6 Apr. 21:00 7 Apr. 18:00 8 Apr. 15:00

MUSIEKTEATER

David Kramer se Kaapse Breyani

Afr. Gesin
Regie: *David Kramer*
Met *David Kramer, Camillo Lombard, Donvino Prins, Jacques Steyn, Howard Links, Gammie Lakay, Elsbeth Davids en Ruth Hector*

In *Kaapse Breyani* fokus die immergroen sanger en liedjieskrywer David Kramer op die Afrikaanse volksmusiek van die Kaap. In samewerking met sommige van die Kaap se vernaamste musikante, word die vertoning gekenmerk deur banjos, mandoliene, 'n kitaar, saxofone en trekklaviere wat musiek eie aan die Kaap maak. Op sy onnavolgbare manier, beklemtoon Kramer die talente van hierdie kunstenaars soos wat hy die moppie, die ghoemaliedjie en ander Afrikaanse liedjies (soos *Vanaand gaan die volkies koring sny*), wat 'n deel van die Kaapse tradisie geword het, verken.

80 min. R110 Absa Burgersentrum
6 Apr. 20:30 7 Apr. 09:00 7 Apr. 14:00

Amanda Strydom– Diva

Afr. Volwasse Geen o/10
Regie: *Gerrit Schoonhoven*
Musiekregie: *Janine Neethling*
Met *Amanda Strydom*

Tussen hoë kantoorblokke staan die Diva – voorheen 'n glansryke teater, vandag 'n skaduwee van weleer. In die kleedkamer sit 'n ou sangeres voor die spieël en onthou die geskiedenis van Suid-Afrikaanse teater. Strydom as Beatrice le Seur lewer 'n kragtoer in hierdie boeiende musiekteaterstuk. Die bekroonde *Diva* is boonop Strydom se pleidooi vir die behoud van teater in Suid-Afrika. Deur die oë van Beatrice le Seur kyk sy met patos en humor na Suid-Afrika se ryk teatergeskiedenis.

70 min. R100 Sanlam Gimsaal
1 Apr. 20:30 2 Apr. 17:00 3 Apr. 13:00
5 Apr. 16:00 6 Apr. 20:30

NX – Brieweboks

Debuut

Afr. Gesin
Teks en regie: *Tina Kruger*
Met *Nadia Beukes en Xander Steyn*

Suikersoet-geluk, hartseer en heimweë saam gemeng in ’n bak vol kreatiwiteit! Dit is NX se musiekproduksie, *Brieweboks*. Die kykNET-aanbieder Nadia Beukes en voorheen ’n lid van Cutt Glas span met Xander Steyn kragte en talente saam in hierdie reis van toneel, kuns en natuurlik musiek… Steyn is bekend om sy rolle in *My Fair Lady, The Rocky Horror Show* en *Peter Pan*. Kom stap saam, raak verlief, verlore en verdwaal in die woorde van die briewe uit hul boks.

60 min. R60 Laerskool Wesbanksaal
5 Apr. 10:30 6 Apr. 18:00 7 Apr. 20:30 8 Apr. 12:00

Elzabé Zietsman – En op ’n ligter noot

Afr. en Eng. Volwasse Geen o/18 T
Teks: *Emma Bekker*
Musiek: *Janine Neethling*
Regie: *Maralin Vanrenen* ***Met*** *Elzabé Zietsman*

Elzabé Zietsman en dieselfde span – Janine Neethling, Maralin Vanrenen en Emma Bekker – wat in 2008 die Kanna-prys vir *Agter glas* verower het, is terug met *En op ’n ligter noot*. Veroudering is onomstootlik, maar hoe ’n mens die werklikheid daarvan ervaar en aanvaar, word bepaal deur die oog waarmee jy kyk. Party mense word deur die knakkende knieë en knoppe gepla. Vir ander is dit die nuwe afhanklikheid van brille en pille. En dan is daar selfs dié wat die bevrediging van die heel basiese behoeftes bokant hulle vuurmaakplek vind. Met dié wenspan aan die stuur, beloof *En op ’n ligter noot* ’n kabaret van die boonste rak, maar die ligter rak! Elzabé en Kie kyk met ’n satiriese en komiese oog na hierdie onafwendbare stadium van die mens op sy lewensbaan en gee aan die gehoor ietsie om aan te dink en oor te lag in dié drukkende ekonomiese tye.

75 min. R100 Laerskool Noordsaal
1 Apr. 18:00 2 Apr. 21:00 3 Apr. 09:00 4 Apr. 21:00

Journey to Kannaland

Afr. en Eng.
Teks en regie: *Elton Landrew*
Choreografie: *Elonie de Klerk*
Afronding: *Elsabé Dempsey*
Met *William Phillipus, Mirinda Witbooi, Ryan Hendricks, Christopher Fouche, Frans Lucas, Chantel Phillipus, Andy Fortuin en Enge Williams*

Die gewilde *Journey to Kannaland* is terug en bied nou aan gehore ’n laaste kans om dit te sien. *Journey to Kannaland* is die eerste in ’n reeks toerismekabarette. Dit word sterk aanbeveel deur nasionale en internasionale gehore, wie se kommentaar deurgaans is: “Uitstekend! Wat ’n wonderlike ervaring!” Hierdie hoogs vermaaklike kabaret neem die gehoor op ’n musikale reis deur tyd en sorg dat die magiese omgewing van die Klein Karoo behoorlik ervaar word. *Journey to Kannaland* volg op twee vorige suksesvolle produksies, *Struisvogelstories* (Kanna-prys) en *Star Walkers*. Die opvolg van *Journey to Kannaland* – die splinternuwe *Velskoen Journeys* – debuteer tydens vanjaar se Absa KKNK.

55 min. R55 African Sky-konferensiesaal
1 Apr. 09:00 2 Apr. 09:00 3 Apr. 09:00 4 Apr. 09:00 5 Apr. 09:00 6 Apr. 09:00 7 Apr. 09:00 8 Apr. 09:00

Housecoat Blues

Afr. Volwasse Geen o/10 T
Teks: *Marteni Burger*
Regie: *Albert Maritz*
Met *Yolande Rabe en Marika Reinke*

“Oorkant meen mos hulle kry swaar, maar sy kla nie, sê sy, wat help dit tog.” In *Housecoat Blues*, die tweede kabaret van Skouperd Produksies, leer ons die kleurvolle karakters in die “skemas” ken. Yolande Rabe (*Faan se stasie*) en Marika Reinke (*Die verdwyning van Poksie Pienaar*) vertolk die rolle van twee susters wat sat is vir die lewe en wie se lende letterlik al lam is van sukkel. Frieda van den Heever (*Elders aan diens*) begelei die twee vroue op klavier wanneer hulle sing oor die *struggles* van die myners en die gouestroop-stories van die los meisies in die straat. *Housecoat Blues* laai jou in die rooiste Opel in die straat en neem jou op ’n rit deur die stowwerige pad van Polonie Town. Oor elke draadheining is daar iets interessants te bespeur.

65 min R80 Laerskool Noordsaal 5 Apr. 18:00 6 Apr. 12:00 7 Apr. 15:00 8 Apr. 09:00

Vergenoeg

Debuut

Afr. Volwasse Geen o/14 T
Teks: *Marita van der Vyver (gegrond op haar gelyknamige boek)*
Verhoogverwerking: *Alexa Strachan*
Musiek: *Herman van den Berg*
Regie: *André Odendaal*
Met *Sandra Prinsloo, Alexa Strachan en Milan Murray*

“Is dit hoe dit voel om dood te gaan?” Adèle is sterwend aan kanker. Haar twee uiteenlopende dogters versorg, bedien en bederf haar in die ou huis op Vergenoeg. Daar is dinge wat gesê moet word, ander wat verswyg moet bly. En terwyl sy haar dogters op haar sterfbed nog net kan troos, wonder Adèle of hulle haar nie juis nóú die nodigste het nie. Marita van der Vyver is die veelbekroonde skrywer van *Griet skryf ’n sprokie* asook *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*. Moontlik gemaak deur Sanlam.

80 min. R95 Sanlam Gimsaal
1 Apr. 15:00 2 Apr. 12:00 3 Apr. 20:30 4 Apr. 09:00 5 Apr. 09:00

Velskoen Journeys

Debuut

Afr. en Eng.
Teks en regie: *Elton Landrew*
Choreografie: *Elonie de Klerk*
Afronding: *Elsabé Dempsey*
Met *William Phillipus, Mirinda Witbooi, Ryan Hendricks, Christopher Fouche, Frans Lucas, Chantel Phillipus, Andy Fortuin, Enge Williams en Elrich Hendriks*

Velskoen Journeys is ’n splinternuwe Oudtshoorn-kabaret vol *magic*: met nuwe stories en verrassings, die riel en die vastrap, kleurryke figure en legendariese sterk manne, spookstories en interessante besienswaardighede, volstruise en die Wêreldbeker-sokkertoernooi... *Journey to Kannaland* was die afgelope twee jaar baie gewild. Dié opwindende en prettige opvolgkabaret gee aan gehore die geleentheid om die reis verder te volg tot in die onverwagse hede...

55 min. R55 African Sky-konferensiesaal
1 Apr. 12:00 1 Apr. 18:00 2 Apr. 12:00
2 Apr. 18:00 3 Apr. 12:00 3 Apr. 18:00
4 Apr. 12:00 4 Apr. 18:00 5 Apr. 12:00
5 Apr. 18:00 6 Apr. 12:00 6 Apr. 18:00
7 Apr. 12:00 7 Apr. 18:00 8 Apr. 12:00 8 Apr. 18:00

DANSTEATER

Angel

Eng. No u/16
Concept: *Duda Paiva*
Direction and script: *Paul Selwyn Norton*
Puppet: *Ulrike Quade*
Music: *Jim Barnard and Duda Paiva*
With *Duda Paiva*

Angel – a story of unholy love. A cry out of the darkness... Angel depicts the classic fall from Grace of a tramp who meets an angel in a graveyard and sets up home with him. Through the angel we enter an ambivalent world of dreams, curses and revelation. Is the angel a companion, a messenger, a judge or is it just the bad trip of a tramp who has had one too many? Sponsored by Ambassade van het Koninkrijk der Nederlanden.

60 min. R75 SANW-videolokaal
4 Apr. 18:00 5 Apr. 13:00 6 Apr. 13:00

eMandulo & Xiif-hunger

Choreography: *Thabo Rapoo*
Company: *Moving into Dance Mophatong* ***With*** *Thabo Rapoo, Faith Maseko, Sonia Radebe, Muzi Shili, Thandi Tshabalala, Themba Mbuli, Thembi Setiabi and Thulane Chauke*

eMandulo and *Xiif-hunger*, choreographed by the 2009 Young Artist Award Winner for Dance Thabo Rapoo, is presented here as a double bill. *eMandulo* (2005) explores the importance of women in traditional African society and how this impacts on ontemporary living. The inspiration for *Xiif-hunger* comes from Rapoo's experience in Senegal on the Goree Island where the slave trade took part centuries ago. He draws parallels to that from his experience of growing up in South Africa in a time of division. ''When I share this with my audience, given my history and given the history of slave trade, it results in a longing for a place that I call home. With this work I hope I can understand the past and finally connect with the place of my origin.''

45 min. R75 SANW-videolokaal
6 Apr. 18:00 7 Apr. 11:30 7 Apr. 18:00 8 Apr. 10:00

Grond

Gesin
Choreografie: *Jazzart-dansteater*
Landskapkunstenaar:
Strijdom van der Merwe
Water- en vuurtegnologie:
Gordon Andries
Beligting: *Benever Arendse*
Klank: *Tony Madikane*
Met *Douglas Griffiths, Phindile Kula, Refiloe Mogoje, Rozendra Newman, Vathiswa Nodlayiya, Shaun Oelf, Nosiphiwo Samente, Nkosinathi Sangweni en Grant van Ster*

Jazzart-dansteater word erken as een van Suid-Afrika se voorste dansgeselskappe en lewer al vir meer as drie dekades 'n reuse-bydrae tot die SuidAfrikaanse kunsen kultuurlandskap. Met water, vuur en dans skep Jazzart en die kunstenaar Strijdom van der Merwe in *Grond* 'n emosionele en visuele voorstelling van beide oeren moderne beelde. 'n Oudtshoorn Oralooraanbieding. Jazzart word ondersteun deur die Nasionale Kunsteraad en die NLDTF.

45 min. R75 Vredestraat-sportterrein
2 Apr. 19:00 3 Apr. 19:00 4 Apr. 19:00 5 Apr. 19:00

So loop 'n volstruis

Debuut

Eng. en Afr. Gesin Geen o/14
Choreografie: *Gary Gordon, Juanita Finestone-Praeg,Alan Parker, Nicola Elliot en Sonja Smit* ***Met*** *The First Physical Theatre Company*

The First Physical Theatre Company in Grahamstad, onder die kunstige leiding van die wyd aangeprese Suid-Afrikaanse choreograaf Gary Gordon, bied 'n nuwe en opwindende program aan in Oudtshoorn, geïnspireer deur Oudtshoorn! 'n Keur van nuwe werke deur Gary Gordon, Juanita FinestonePraeg en ander choreograwe, duik kop eerste in die fassinerende, ongemaklike en dikwels humoristiese gewoontes, wêreld en bewegings van die volstruis en sy omgewing.

90 min. R75 SANWvideolokaal
5 Apr. 18:00 6 Apr. 10:00 7 Apr. 14:30 8 Apr. 13:00

KINDERTEATER

Avonture in TV-land

Afr.
Teikengehoor: *6 tot 9 jaar*
Teks en regie: *Petrus du Preez*
Met *Gaerin Hauptfleisch, Stephanie Hough, Esther von Waltsleben, Jan-Hendrik Opperman en Petrus du Preez*

Die bekende vervaardigers van geliefde produksies soos *Jan en die boontjierank*, *Aspoestertjie* en *Rooikappie* is weer aan die kook! Hierdie keer met 'n ander tipe storie, maar met bekende gesigte en karakters. Mikkie is 'n Marsman en die held van ons heldin se gunsteling TV-program. Op 'n dag word dinge vreemd in TV-land toe die bekendste en mooiste sepiester ontvoer word. Mikkie en al die maats moet help om die arme vrou uit die kloue van die effens vreemde en effens vals heks se klou te kry. Dié nuwe avontuur beloof pret vir oud én jonk. So kom lag en kuier saam met die karakters in dié spannende en vermaaklike avontuur.

50 min. R45 Onderwysgebou
2 Apr. 14:30 3 Apr. 14:30 4 Apr. 11:30
5 Apr. 14:30 6 Apr. 09:00 7 Apr. 11:30

Supercool Show

Afr. Gesin
Teikengehoor: *7 tot 13 jaar*
Regie: *Niël Rademan*
Met *Nedine Blom*

Uiteindelik is daar 'n *show* vir kinders wat regtig *Supercool* is! Die Sama-wenner Nedine Blom se *Supercool Show* is 'n gatskop, *hip*, kontemporêre multimedia-vertoning wat Afrikaanse jeugmusiek na 'n heel nuwe vlak neem. Dit is 'n interaktiewe saamsing-vertoning vir kinders waartydens die hele gesin saamdans en -sing en sommer soos popsterre voel. Blom betrek ook kinders uit die gehoor om saam met haar op die verhoog te dans en sing. Van die S*upercool*-treffers sluit in 'n plesierige tongknoper *Die iPod song*, *Die Volstruisdans*, 'n Afrikaanse weergawe van *The Birdie Song* en *Akkedisse Likkewane.*

60 min. R60 Laerskool Noordsaal 6 Apr. 09:00 7 Apr. 09:00 8 Apr. 12:00

Boer Manie se melk word suur

Afr.
Teikengehoor: *2 tot 12 jaar*
Teks: *Ilné Fourie*
Regie: *Heinrich Keogh en Ilné Fourie*
Met *Ilné Fourie, Mart Kotzé, Walter Strydom, Nadine Kemp en Heinrich Keogh*

Ver op die Vrystaatse vlaktes is daar ’n plaas genaamd Madeliefievlei. Die eienaar van die pragtige plasie, boer Manie, woon saam met sy wilde seun, Neelsie, en sy gunsteling-koeitjie, Bella. Maar wat as die tandemuis eendag skielik net verdwyn en Bella se melk suur word? En wat voer die aaklige haasbek-heks, Tersia Tandeheks, dié keer in die mou? Kom kuier en sing saam met boer Manie. *Boer Manie se melk word suur* sal deur enigeen van 2 tot 80 jaar oud geniet word.

55 min. R50 Onderwysgebou 1 Apr. 11:30 2 Apr. 09:00 3 Apr. 11:30 4 Apr. 14:30 5 Apr. 09:00 6 Apr. 11:30

Die storie van Gratis

Afr.
Teikengehoor: *6 tot 8 jaar*
Teks en poppe: *Wiebke HolmMikula*
Met *Wiebke HolmMikula en Gesine*

Die storie van Gratis is ’n papier-poppeteaterstuk wat vir oud en jonk die kans gee om die goue randjie rondom die donker wolke raak te sien, te verloor en weer te vind. Dit is fantasieteater waar amper alles van papier gemaak is en word vertel en gelees deur ’n regte egte ouma – Gesine Holm. Sy is ’n op-en-wakker-enetjie, wat dit netsoveel geniet om te vertel as wat dit vir jonges, oues en middelmatiges ’n plesier is om saam te kyk en luister. En weldra verrys die papiertoneel (geskep en gespeel deur Wiebke HolmMikula) en poog om oor te neem.

45 min. R45 Onderwysgebou 3 Apr. 09:00 4 Apr. 09:00 5 Apr. 11:30 6 Apr. 14:30 7 Apr. 09:00 8 Apr. 11:30

MUSIEK: KLASSIEK

Around the World in 60 Minutes

Debuut

Geen o/12
Instrumentaal *– solis*
Met *James Grace*

Wat het die smeulende ritmes van Latyns-Amerika, die asemrowende skoonheid van die Turkse kus en ’n mitiese, Australiese voël in gemeen? Wel, al drie is die inspirasie vir werke wat die kitaarspeler James Grace vir sy sessnaar wêreldwye reis, *Around the World in 60 Minute*s, ingesluit het. Die kitaar het deur die jare ontwikkel vanaf ’n klein viersnaarinstrument tot een van die gewildste instrumente tot nog toe nadat nóg twee snare bygevoeg is. In hierdie opwindende en gevarieerde uitvoering neem Grace sy gehoor op ’n reis deur die wêreld – van Amerika, deur Brasilië, Europa, Australië tot ’n kuier in Kaapstad en eindig in die kitaar se geboorteplek, Spanje. Grace is die eerste kitaarspeler wat die Tagore Gold Medal van die Royal College of Music in Londen ontvang het.

60 min. R75 Die Neelsie-teater
1 Apr. 18:00 2 Apr. 13:00
3 Apr. 12:00 5 Apr. 10:00

Bach Goldberg

Debuut

Geen o/12
Instrumentaal *– ensemble*
Met *Wessel Beukes (tjello), Zanta Hofmeyr (viool) en Morkel Combrink (viola)*

Dmitry Sitkovetsky het hierdie verwerking gemaak om Bach se geboortejaar in 1985 te vier. Dit is toe aan die pianis en die Bach-spesialis Glenn Gould opgedra. Oorspronklik was die werk ’n ‘aria’ met 30 variasies vir klavesimbel, gekomponeer deur Johann Sebastian Bach. Die werk is in 1741 gepubliseer as die vierde in ’n stel wat deur Bach as die *ClavierÜbung* benoem is. Die werk word bestempel as die vernaamste voorbeeld van die variasievorm en is in 1741 gepubliseer.

80 min. R75 NGK Parkgebou 2 Apr. 18:00

Barok én Afrikaans

Instrumentaal *– ensemble*
Met *Hans Huyssen en Andrew Cruickshank*

’n Konsert en geskiedkundig-geografiese Musiekbyeenkoms met die werke van Vivaldi, Geminiani, Rossi, Cruickshank en Huyssen uitgevoer op historiese instrumente deur Hans Huyssen en Andrew Cruickshank. Vroeë Italiaanse Barokmusiek verskil in alle opsigte van kontemporêre Afrikaanse musiek. Histories ingeligte uitvoeringspraktyk lig dit besonder duidelik uit, maar versoen terselfdertyd die stilistiese kontras deur Barokinstrumente vir die vertolking van beide idiome te gebruik.

60 min. R75 Die Neelsie-teater
4 Apr. 16:00 5 Apr. 12:00

Swanemeer: Die ware verhaal

Debuut

Orkes *en solis*
Dirigent: *Chris Dowdeswell*
Met *Nataniël (verteller), Charl du Plessis (klavier) en die Vrystaatse Simfonieorkes*

Nataniël het al saam met verskeie simfonie-orkeste opgetree. Vir sy optrede saam met die Vrystaatse Simfonie-orkes het Nataniël die musiek van Tchaikovsky se beroemde ballet gebruik om ’n splinternuwe vertelling te skep. *Swanemeer: Die ware verhaal* is die sage van tradisie teenoor verandering, familietwis, bedrog, vooroordeel en die skreeusnaakse verhoudings tussen die inwoners van ’n baie klein dorpie. Die gehoor leer ook op ’n vermaaklike manier hoe die struktuur van ’n klassieke orkes lyk en werk. As bonus speel Du Plessis die *Variasies vir klavier en orkes* op *La ci darem la mano* van Chopin, wie se 200ste geboortejaar in 2010 herdenk word. Moontlik gemaak deur die Rupert-musiekstigting.

60 min. R110, kinders R55 Absa Burgersentrum
5 Apr. 09:00 6 Apr. 09:00

Blondes, Tchaikovsky & Queen

***Instrumentaal** – ensemble*
***Met** Elna van der Merwe (klavier) en Zorada Temmingh (klavier)*

Die Blondes (Elna van der Merwe en Zorada Temmingh) is terug met hul oorspronklike verwerkings van klassieke en kontemporêre meesters se bekendste musiek. Dié keer takel hulle Tchaikovksy met sy onvergeetlike *Die neutekraker*, *Swanemeer* en 'n klavieren vioolconcerto. Die meesleurende Russiese melodieë word inmekaargevleg in 'n keurspel van heerlike hoogtepunte. *Bolandblues* steek die draak met volksliedjies wat na die Boland verwys. En dan ruk en rol die klaviere op die rockgroep Queen se treffers soos *Bohemian Rhapsody*, *We are the Champions* en *A Kind of Magic*.

70 min. R85 Sanlam Gimsaal 6 Apr. 14:00 7 Apr. 09:00

Die nag

Debuut

***Sang** – solis*
***Met** Minette du Toit-Pearce (mezzosopraan) en Nico de Villiers (klavier)*

Kom reis deur die ure van sonsondergang tot sonsopkoms met die woorde van die digters en die liedere van die meesters. Dié talentvolle en dinamiese duo sal sy gehoor meesleur deur die nag met liedere van Strauss, Schubert, Debussy en vele ander. Minette du Toit-Pearce en Nico de Villiers het reeds verhoë in Oostenryk gedeel en bring nou hierdie wonderlike nuwe program vir die eertse keer na die Absa KKNK.

70 min. R75 Die Neelsie-teater
3 Apr. 18:00 4 Apr. 12:00

Crème Chopin – Grootste klassieke treffers

Debuut

Instrumentaal – ensemble
***Met** Charl du Plessis (klavier), Heleen du Plessis (tjello) en Zanta Hofmeyr (viool)*

Neem een porsie polonnaise en meng dit deeglik met 'n ligte wals. Voeg daarby 'n tjello-sonate en 'n klaviertrio en klits alles saam tot goeie kamermusiek. Die resultaat? 'n Dekadente fees van musiek in *Crème Chopin: Grootste klassieke treffers*. Van die land se topmusici kook saam in hierdie produksie wat die room van Chopin se komposisies byeenbring ter viering van sy 200ste verjaardag vanjaar.

70 min. R70 Laerskool Noordsaal 1 Apr. 15:00 2 Apr. 15:00 3 Apr. 12:00

Phantom of the Opera

Volwasse G
Improvisasie
***Met** Zorada Temmingh (orrel)*

Terwyl die gehoor na die oorspronklike stilfliek *Phantom of the Opera* (1925) kyk, improviseer Temmingh 'n aangrypende orrelklankbaan gegrond op bekende operamusiek met 'n waansinnig virtuose *Phantom*-tema. Die misvormde fantoom hou sy geliefde sangeres, Christine, in 'n kelder onder die Paryse operahuis gevange.

65 min. R85 NGK Parkgebou
4 Apr. 19:00 5 Apr. 19:00

Duetto

***Sang** – duo*
Samestelling en musiekregie:
*Willem Vogel **Met** Righard Linde (tenoor), Douwe Bijkersma (bariton) en Ingrid Bredell (klavier)*

Duetto is 'n treffende samestelling deur Salon Music van musikale bon-bons vir twee mans met goeie stemme. Righard Linde en Douwe Bijkersma sing duette vir tenoor en bariton uit die operas *Die Pêrelvissers* (Bizet) en *La Bohéme* (Puccini), asook arias, Napolitaanse liedere en uittreksels uit bekende musiekspele. *Duetto* het reeds twee keer uitverkoop in Gauteng.

60 min. R75 Die Neelsie-teater
6 Apr. 12:00 7 Apr. 15:00

MUSIEK: KONTEMPORêR

Afri-Frans

Debuut

***Musiekregie:** Matthys Maree*
***Regie:** Carien Loubser*
***Met** Myra Maud, Laurika Rauch, Anna Davel, Mathys Roets en AnnaMart van der Merwe (verteller)*

*Afri-Frans*is 'n topverkoper-CD wat die land soos 'n Hoëveld-storm getref het. Dit is 'n produksie vol van die mooiste en gewildste Afrikaanse liedjies – dié keer in Frans gesing deur die bekende Franse kunstenaar Myra Maud. *SARIE* bring dié besonderse vertoning na die Absa KKNK. In haar eerste besoek ooit aan Suid-Afrika,sal Maud die verhoog deel met Afrikaanse kunstenaars soos Laurika Rauch in 'n produksie wat beloof om een van die hoogtepunte by die fees te wees. *Au Loin Les Collines Ne Changent*, *Epis d'eau* en *Chanson du vent* is maar net Frans vir *Al lê die berge nog so blou*, *Waterblommetjies* en Sonja Herholdt se immergroen *Ek verlang na jou*.

85 min. R110 Absa Burgersentrum 2 Apr. 20:30 3 Apr. 09:00 4 Apr. 14:00 4 Apr. 17:30

Afrikaaps

Debuut

Afr. Geen o/12
***Teks:** Die Argitekbekke*
***Navorser:** Aryan Kaganof*
***Video:** Dylan Valley*
***Regie:** Catherine Henegan*
***Met** Moenier Adams, Bliksemstraal, Shane Cooper, Emile Jansen, Jitsvinger, Blaq Pearl en Kyle Shepherd*

Met rympies, ritmes en rap volg Jitsvinger, Kyle Shepherd, Blaq Pearl en ander kunstenaars Afrikaans se ontwikkeling van sy eerste babatreetjies in die 1600's tot vandag. 'n Allegaartjie van musiekstyle, poësie en film wys waar die taal se *roots* eintlik lê en vertel vannie mense affie Kaap en hul taal. Aangebied deur die Baxterteatersentrum en The Glasshouse, in samewerking met die Absa KKNK.

80 min. R75 SANW-videolokaal
1 Apr. 18:00 2 Apr. 18:00 3 Apr. 17:00 4 Apr. 10:00

Balkan tot balke toe

Debuut

***Met** Ollie Viljoen en Stanislav Anguelof*

Die musikante Ollie Viljoen en Stanislav Anguelof se paaie was bestem om te kruis. Hier gaan hulle musiek uit twee wêrelddele verenig in een vertoning. Anguelof is in 1967 in Bulgarye gebore en speel al vandat hy 5 jaar oud is trekklavier. In 1992 trek hy na Kaapstad om sy musiekloopbaan op die Afrika-vasteland voort te sit. Viljoen is in 1938 in Vereeniging gebore en speel vandat hy 10 jaar oud is trekklavier. Op 16 neem hy al sy eerste langspeelplaat op. Vir hul gesamentlike program het hul tangomusiek, jazz en klassieke musiek ingesluit. En die musiek word aangevul deur twee tango-dansers.

80 min. R75 Laerskool Wesbanksaal
4 Apr. 20:30 5 Apr. 20:30
6 Apr. 12:00

Coenie de Villiers en CH2 – Klavier en snaar

Debuut

***Met** Coenie de Villiers, Corneille Hutten-Burger en Leon Gropp*

Coenie de Villiers se musiek het nog altyd gewissel tussen die persoonlike en politieke met 'n verskeidenheid van musiekstyle wat neig van jazz en blues tot pop en rock. Voeg hierby die druppels flamenco van die kitaarduo CH2 se klassieke en Latynse energie en daar is 'n vermenging van klavier en snaar soos nog nooit tevore. 'n Produksie wat jou sal bybly, lank nadat die laaste note weggesterf het...

70 min. R90 Sanlam Gimsaal 1 Apr. 18:00 2 Apr. 09:00 2 Apr. 20:30 3 Apr. 17:00

Conf8 – Let's Jam!

Veeltalig
***Met** Hilandi du Toit (sang), Marelize de Beurs (elektriese viool), Shaun Johannes (baskitaar), André Janse van Vuuren (klawerbord) en JP Crouch (tromme)*

Met hul vars benadering tot die seerseker resep vir sukses wanneer dit kom by die bevrediging van Suid-Afrikaanse gehore, is hierdie Kaapse groep se musiek gewaagd, interessant, en gemaklik op die oor. Conf8's show *Let's Jam!* will tickle, shock, sooth and rock the fancy of Afrikaans and English audiences alike. The programme consists of original music as well as tried and trusted popular songs in Afrikaans, English and African languages, and is a showcase of true talent by dedicated artists. Lead singer Hilandi du Toit is already known for her intimate and honest interaction with audiences – now she is also backed by an undeniably groovy group of musicians, inclusive of an electric violinist and accordion virtuoso.

55 min. R60 Laerskool Noordsaal
5 Apr. 21:00 6 Apr. 15:00
7 Apr. 21:00

Emo Adams – Jou Triller Show

Debuut

Afr. en Eng. Gesin
***Met** Emo Adams en Take Note*
***Regie:** Emo Adams*

Die aap is uit die mou – Michael Jackson is *tall*, dark en… Afrikaans! Verbeel jou – die koning van pop op die verhoog saam met 'n gatskop *band* van Mitchellsplein en 'n paar sexy blonde dansers. En hoe sal dit klink as Emo Adams liedjies soos *Thriller*, *Black & White* en *Billy Jean* 'n sakkiesakkie, kwaito of langarm *twist* gee? Hierdie beloof om die *talk of the town* te wees. Jy gaan oorweldig word deur 'n lewendige, diverse en komiese optrede, waarvoor Emo die afgelope twee jaar bekend geword het. *Jou Triller Show* is Adams se eerste volwaardige solo-produksie tydens die fees.

80 min. R90 Sanlam Gimsaal
5 Apr. 13:00 6 Apr. 18:00 7 Apr. 13:00 8 Apr. 12:00

Flip A Coin – Vocals & wyn

Afr. en Eng. OB
***Met** Flip A Coin*

Daar is min dinge wat die hart so raak soos die suiwer klanke van a cappella-musiek en 'n lekker glasie goeie wyn. Flip A Coin, in samewerking met Van Loverenwyne, bied 'n produksie aan met ses wyne, ses stemme, ses persoonlikhede; alles in een asemrowende vertoning!

70 min. R90 Laerskool Wesbanksaal 1 Apr. 18:00 2 Apr. 09:00 3 Apr. 12:00

La Diva – Cocktails, Convertibles en al daai jazz

Debuut

Afr. en Eng.
***Regie:** Johann Slabbert*
***Met** Nelmarie Naudé, Karmi Marais, Marlé Jacobsz*

Met hulle debuutproduksie, *Wonderbra's, stiletto's en al daai jazz* het La Diva bewys dat hulle die spreekwoordelike spyker sommer met 'n hoëhakskoen op die kop slaan, maar nou neem dié vroue-trio dit 'n stappie verder: na maanligaande, flikkerende kamera's, rooi tapyte, yskoue daquiries en witwarm liefde.

70 min. R80 Laerskool Noordsaal
3 Apr. 21:00 4 Apr. 12:00 5 Apr. 15:00
6 Apr. 18:00

Karen Zoid Live

Debuut

Afr. en Eng. Volwasse
***Met** Karen Zoid*

Die rocksangeres Karen Zoid in 'n solovertoning met onder andere treffers van haar jongste album*, Ultimate Zoid*.

60 min. R100 Absa Burgersentrum
6 Apr. 14:00 7 Apr. 20:30 8 Apr. 10:00

Laurinda Hofmeyr en Riku Lätti – Met jou hier op die maan

Debuut

***Met** Riku Lätti (kitaar en sang) en Laurinda Hofmeyr (klavier en sang)*

Riku Lätti en Laurinda Hofmeyr is ’n onverwagse kombinasie. Albei is bekroonde sanger-liedjieskrywers, maar hul style is uiteenlopend. Dié interaksie sorg vir ’n splinternuwe dimensie in beide se musiek. Hulle begelei mekaar op kitaar en klavier, so maak reg vir vars en eenvoudige vertolkings. Kom geniet ’n ontspanne, intieme ervaring van die boonste rak.

75 min. R90 Die Neelsie-teater
4 Apr. 19:30 5 Apr. 17:00 6 Apr. 18:00 7 Apr.10:00

Koos Kombuis en Nicole Holm– Vry voël

Debuut

Volwasse Geen o/12
Met *Koos Kombuis en Nicole Holm*

Koos Kombuis en Nicole Holm het geen bekendstelling onder Afrikaanse gehore nodig nie. Hy, die ongeskeerde legende en profeet, en sy, die diva met die goue stem van Stellenbosch. Kom kyk hoe hierdie twee uiteenlopende talente die lagspiere kielie en die hartseersnare roer, soos nog nooit tevore nie!

70 min. R85 Laerskool Wesbanksaal
5 Apr. 16:30 6 Apr. 15:00 7 Apr. 12:00 8 Apr. 15:00

Mathys Roets – Droomvrouens

Debuut

Afr. en Eng.
Met *Mathys Roets (kitaar en sang) en Matthys Maree (klavier)*

Droomvrouens, Mathys Roets se eerste volwaardige solovertoning tydens die Absa KKNK, is ’n soort ode aan vroue. Die liedjies wys alle aspekte van die liefde – soms is dit seer en soms is dit lekker. Dit is nie aldag maklik vir die manne om te sê hoe hulle voel nie. Toe besluit Roets om hulle ’n bietjie te help. Hoekom nie ’n CD maak waarin die manne se emosies verwoord word nie? Dalk help dit hulle om makliker te praat oor wat binnein hulle aangaan. So is *Droomvrouens* gebore – ’n versamel-CD óór vroue vir vroue. Elke liedjie het ’n vrouenaam in die titel, onder andere gunstelinge soos *Lisa se klavier*, *So long, Marianne*, *O Mary*, *Sweet Caroline* en selfs ’n keurspel van liedjies soos *Meisie meisie*, *Loslappie* en *Rooirokbokkie*.

60 min. R85 Laerskool Wesbanksaal
5 Apr. 14:00 6 Apr. 09:00 7 Apr. 15:00

Nataniël – Die een konsert

Debuut

Afr. Volwasse T
Met *Nataniël, Charl du Plessis (klavier), die Vrystaatse Simfonie-orkes o.l.v. Chris Dowdeswell, Corné Dannhauser (baskitaar), Juan ‘‘Floors’’ Oosthuizen (kitaar) en Vincenzo Henrico (tromme)*

Tydens vanjaar se Absa KKNK tree Nataniël en sy musikante op saam met die Vrystaatse Simfonieorkes in ’n eenmalige konsert met van sy gewildste musiek. Oorspronklike musiek deur Nataniël asook nuwe verwerkings van beroemde jazz-, soul- en poptreffers asook ou gunstelinge word uitgevoer. Die konsert sluit ook musiek in van Nataniël se jongste album, splinternuwe stories en ’n versameling asemrowende kostuums, ontwerp deur Floris Louw.

75 min. R110 Absa Burgersentrum 5 Apr. 20:30

Mincing in die Klein Karoo

Debuut

Eng. Volwasse Geen o/18 V
Met *Lilly Slaptsilli en Keiron Legacy*

Dames en here, deevas en kaweens, hulle is hier innie Klein Karoo en hulle *Mince*. Hulle is sensueel, smeulend, sexy en snaaks! Uiteindelik kom die fopdos-duo Mince Oudtshoorn toe. Die manjifieke Lilly Slaptsilli (Clive Allardyce) en Keiron Legacy (Martin van Staden) is twee divas van formaat. Hul gewilde vertoning *Mince* bekoor gehore al vir jare – beide plaaslik en in die buiteland. Kom ervaar hulle nou as hulle feesgangers betower met hul asemrowende uitrustings en smeulende danspassies. Moenie dink hulle weet nie waar jy jou klere en juwele koop nie. Hul fyn geoefende oë en bitsige tonge weet dadelik waar jy daai bloes of broek gekoop het. Wees dus gewaarsku: kom voorbereid. Mince is die beste fopdos-duo innie wêreld.

60 min. R100 Jamstreet Plaasteater 1 Apr. 22:00 2 Apr. 22:00 3 Apr. 22:00

Ses snare 2

Debuut

Met *Mathys Roets, Mel Botes, Blackie Swart, Leon Ecroignard, Wouter van de Venter en Théan Kotzé*

Mathys Roets is terug op sy pos saam met die Ses Snare nadat hy verlede jaar op pad na die Absa KKNK in ’n ernstige motorfiets-ongeluk betrokke was. Waar sal jy ses meer uiteenlopende musikante saam op een verhoog kry as met *Ses snare 2*? Gedink jy gaan *Liewe Lulu* en Koos Doep hoor? Nee, hierdie manne hark hul kitare nader en met snaar en stem stof hulle van die beste treffers van Queen, Dire Straits, Bob Dylan, Pink Floyd, Eric Clapton en Sting af. Tussendeur Santana, The Eagles en selfs Abba skuil daar ’n verrassing of twee. Verwag ’n splinternuwe program met ’n kraakvars CD en DVD onder die arm.

80 min. R90 Laerskool Wesbanksaal
1 Apr. 20:30 2 Apr. 12:00
3 Apr. 15:00 3 Apr. 20:30
4 Apr. 10:00

Wild en wakker

Debuut

Met *Valiant Swart en Ollie Viljoen*

Ollie Viljoen en Valiant Swart se saamspelery het reeds die uiters suksesvolle *Vuur en vlam*-CD en -konsertreeks opgelewer. Nou span hulle weer saam met ’n reeks tradisionele en nuwe nommers om ’n nuwe versameling musiek lewe te gee. *Wild en wakker* is die titel van hul nuwe CD en konsertreeks. Boereblues, volksmusiek, country en selfs ’n tikkie jazz soos net Ollie en Valiant dit kan doen. Dié twee legendes lewer handgemaakte Suid-Afrikaanse volksmusiek op sy beste.

80 min. R80 Laerskool Wesbanksaal
1 Apr. 15:00 2 Apr. 20:30 3 Apr. 18:00 4 Apr. 15:00

Vivere

Veeltalig
Met *Jannie Moolman en Joseph Clark*

Jannie Moolman en Joseph Clark was laas saam te sien in KKNK-spogproduksie *Sonder grense*. *Vivere* is ’n musiek-ervaring met opera, rock, jazz, ligte klassieke musiek en ’n paar verrassings wat nie gekategoriseer kan word nie. *Vivere* is in 2006 vir die eerste keer

in Pretoria op die planke gebring en daarna het hulle
staande toejuigings ontvang. 'n Span ervare musikante sal jou op 'n musikale reis neem wat selfs die immergewilde *Pavarotti & vriende*-konserte oortref.

90 min. R120 Absa Burgersentrum 1 Apr. 20:30 2 Apr. 14:00 3 Apr. 14:00

Waar Eva die wortels begrawe het

Debuut

Afr. en Eng.
***Met** Luna Paige, Hilandi du Toit en Liesl Marx*

Waar Eva die wortels begrawe het vier die oorspronklike hartmusiek, lirieke en eerlike vertolkings van Luna Paige, Hilandi du Toit en Liesl Marx. Hulle herontdek die wortels van wêreldsangeresse soos Eva Cassidy, Joni Mitchell, Janis Ian en Janis Joplin wat deur die jare heen begeester en ontroer het. 'n Kort huldeblyk word gegee aan hierdie ikone, maar ook word daar ondersoek ingestel na waar elke Eva haar wortels gewoonlik begrawe en behoort uit te grawe. Dit sal die oer in jou loslaat, jou inhibisies sal jou verlaat en elke emosie aanraak! Moenie vir 'Dawid' by die huis los nie, want hy wil ook mos weet waarom Eva in haar eie reg daardie wortel telkemale lawe…

60 min. R80 Laerskool Noordsaal
1 Apr. 12:00 2 Apr. 17:00 3 Apr. 15:00 4 Apr. 18:00

Chris Chameleon – Voila!

Afr. en Eng. Gesin
***Met** Chris Chameleon, James Grace en Jonathan Crossley*

Begelei deur twee klassieke kitare, neem Chameleon gehore op reis deur sy verbeeldingswêreld. Namate die grense tussen die werklikheid en sy persoonlike ervaring van gebeure vervaag, ontaard dit in 'n soms proes-snaakse, soms hartroerende konfrontasie met een van sy grootste dilemmas: is dinge soos hulle sê dit is, of soos ek dit self sien?

80 min. R85 Absa Burgersentrum
1 Apr. 14:00 2 Apr. 09:00 3 Apr. 20:30 4 Apr. 09:00

HUISGENOOT MUSIEKPLAAS

AANDPROGRAM

Afrikaans is groot

Donderdag 1 April 19:30

Met Eden, Lianie May, Bobby van Jaarsveld, Albert de Wet, Karlien van Jaarsveld en Vaughan Gardiner

165 min. R85, kinders o/12 R50

Afskop: treffer na treffer

Vrydag 2 April 19:30

Met Wicus van der Merwe, Romanz, Heinz Winckler, David Fourie, Kurt Darren, Sarah Theron, ddisselblom, Pieter Koen, Ray Dylan, Nicholis Louw, Elizma Theron, Fredi Nest, die Campbells, George Longane en Jakkie Louw

180 min. R100, kinders o/12 R60

Take 2

Saterdag 3 April 19:30

Met Dozi & Nianell, asook Gert van Tonder se duette met onder andere Snotkop, Izak Davel, Rudi & Corlea, Pieter Smith, Arno Jordaan en Lianie May

180 min. R85, kinders o/12 R50

Jukebox: Kurt en vriende

Sondag 4 April 19:30

Met Romanz, Sarah Theron, Broers, Wicus van der Merwe, Karlien Husselman en Andriette Norman

180 min. R85, kinders o/12 R50

Roos tussen die dorings

Maandag 5 April 19:30

Skoupêl met Kurt Darren & Laurika Rauch, Jakkals & Leeu (Jakkie Louw en Kevin Leo) asook Jak de Priester en *band*

165 min. R85, kinders o/12 R50

1, 2, 3 van die bestes

Dinsdag 6 April 19:30

Met Dewald Louw, Karen Ferreira & Viljoen Retief, Corlea & Rudi asook Drie van die Bestes (Danie Niehaus, Kevin Leo en Mathys Roets)

150 min. R80, kinders o/12 R50

Manne met skop!

Woensdag 7 April 19:30

Met Arno Jordaan, Gerhard Steyn, Nicholis Louw,Jay (van Eden), Ray Dylan en Andries Botha

180 min. R80, kinders o/12 R50

Bring weer jou hart

Donderdag 8 April 19:30

Met Theuns Jordaan & Juanita du Plessis, Liza Bronner, Neil Somers, Charlize van den Bergh en Willem Botha

165 min. R80, kinders o/12 R50

LEEFSTYL

4x4 Halfdagtoere
Met Coen Basson
240 min. R375 per voertuig. Daagliks 07:30 vanaf ingang
na Klein Karoo Koöperasie

Absa KKNK Kos- en Wynkonsert 2010
Met Beyers Truter, André Mostert, De Wet Viljoen, Lizz Meiring en Heleen Meyer
120 min. R100 Restaurantsaal by die Absa KKNK Wynsaal (De Jager-sportkompleks)
2 tot 6 Apr. 12:30

Absa KKNK Wynsaal 2010
R40 (proeglas ingesluit) Absa KKNK Wynsaal (De Jager-sportkompleks)
Daagliks 10:00 tot 19:00

Buitelugkunservaring (halfdag)
270 min. R500 Vanaf ArtKaroo
4 Apr. 08:30 7 Apr. 08:30

Buitelugkunservaring (voldag)
450 min. R900 Vanaf ArtKaroo
2 Apr. 08:30 5 Apr. 08:30

'n Henne kêkkel in Oudtshoorn 2
Met Vinette Ebrahim, Lizz Meiring, Tobie Jooste, Lee Scott en Mandie Baard
75 min. R100 Jamstreet Plaasteater
2 Apr. 10:30 3 Apr. 10:30 5 Apr. 10:30
6 Apr. 10:30 7 Apr. 10:30 8 Apr. 10:30

Sjokoladefees met 'n neus vir bypassende wyn
60 min. R65 Kango Wijnhuis Proelokaal
2 Apr. 10:00 3 Apr. 10:00 4 Apr. 10:00 5 Apr. 10:00
6 Apr. 10:00 7 Apr. 10:00 8 Apr. 10:00

Spiekeries! – Afrikaanse rugbykommentaarkompetisie (eindronde)
90 min. R20 Suid-Kaap-kollegesaal
5 Apr. 18:00

Spesiale Goeie Vrydag Kerkdiens
Gratis Absa KKNK Wynsaal (De Jager-sportkompleks)
2 Apr. 08:00

Steve Hofmeyr – *Vier briewe vir Jan Ellis* **(boekbekendstelling)**
Met Steve Hofmeyr
60 min. Gratis (RSVP om plek te verseker by Kim Taylor, kimt@randomstruik.co.za of 0011 484 3538) Karusawynplaas
6 Apr. 16:00

Whisky en sjokolade – 'n smulpaapfantasie
Aangebied deur Chris Koch
90 min. R75 Kango Wijnhuis Proelokaal
1 Apr. 11:30 1 Apr. 14:30 2 Apr. 11:30 2 Apr. 14:30 3 Apr. 11:30 3 Apr. 14:30 4 Apr. 11:30 4 Apr. 14:30 5 Apr. 11:30 5 Apr. 14:30 6 Apr. 11:30 6 Apr. 14:30 7 Apr. 11:30 7 Apr. 14:30 8 Apr. 11:30 8 Apr. 14:30

OUDTSHOORN ORALOOR

Storiesambreel

Afr. Eng. Duits en soms sonder woorde
Met *Wiebke Holm-Mikula*

Storiesambreel is 'n sendstasie vir betowering en fantasie. 'n Vertellervrou sit onder haar sambreel waarop dit stories gereën het. Sy vang hulle vir 'n klitsklein oomblikkie vas en oud, middel en jonk kry die kans om enige van die druppels te kies en gougou na 'n storie van tussen 3 en 5 minute lank te luister en te loer.

3 tot 5 min. Gratis Daagliks op verskeie plekke in die feeskern

Sien ook Toneel, Dansteater en Visuele Kuns vir meer Oraloor-aanbiedings, Soos *Taraboemdery*, *Betésda* en *Grond*.

FEESDISTRIK

Een van die unieke eienskappe van die Absa KKNK is die manier waarop die hele Oudtshoorn – selfs sy bedrywige middedorp – jaarliks tydens die fees in 'n tuiste vir die kunste omskep word. Vanjaar lê ons die feesdistrik in verskeie 'buurte' uit, elk met 'n bepaalde karakter wat beter aan die behoeftes van die verskeie gehore wat ons dien, sal voldoen. Deur 'n dagkaartjie te koop, sal feesbesoekers vanjaar toegang tot 'n groot, gekonsolideerde "feesbuurt" op die westelike oewer van die Grobbelaarsrivier verkry, waar die stalletjies van die Absa Kuns- en Vlooimark, die Huisgenoot Musiekplaas, verskeie kuier-areas, drie bykomende buiteverhoë en die speelparke saamgevoeg word. Feesgangers kan uitsien na 'n groot verskeidenheid musiek binne die hekke van dié nuwe "Rivierbuurt". Baron van Reedestraat behou sy karakter as 'n voetganger- en restaurantgebied en sal met straatteater en openbare kunswerke opgekikker word. Hierdie buurt sal voortaan bekend staan as die "Museumbuurt". Die "Venuebuurt" sal die uitnemende aanbod van Absa KKNK-produksies huisves in venues versprei deur, en ook buite Oudtshoorn, soos in dié program vervat. 'n Skematiese uiteensetting van die nuwe Rivierbuurt verskyn op bladsy 16. Dagkaartjies kan by Computicket, saam met ander feeskaartjies vooraf bespreek word, of by die hekke gekoop word. Vir inligting oor die musiekprogram op die verskillende buiteverhoë,
besoek gerus ons webblad by www.absakknk.co.za.

VISUELE AANBOD

Die Absa KKNK se 2010-feeskunstenaars (ja, daar is vanjaar twee) se werk is uiteenlopend en die manier waaarop hulle hul werk tot stand bring, is ligjare uitmekaar. Die een is 'n tradisionele beeldhouer wat hout as medium verkies en die ander span gevorderde rekenaartegnologie in vir haar ragfyn werke. Nkahloleng Lukas Thobejane is 'n boorling van Sekhukhuneland in Limpopo. Ná skool het hy as beeldhouer begin werk en aan verskeie kunskompetisies deelgeneem onder meer Sasol Nuwe Handtekeninge in 2004 en 2006; Absa L'Atelier in 2004 en 2006; die Ekhurhuleni-kompetisie in 2006 en Spier Contemporary in 2007 en weer in 2009/10. Thobejane het in 2006 van sy werk uitgestal in die Gordart-galery in Johannesburg. Hy woon en werk in Gankoana naby Groblersdal. Ná haar skoolopleiding aan Pro Arte in Pretoria het Michaella Janse van Vuuren die wêreld van video-installasie, lyfkuns, performance en grafiese rekenaarkuns verken. Dis waarskynlik hierdie stil verhouding met die rekenaar wat gelei het tot studie in ingenieurswese. (Sy het in 2004 haar doktorsgraad in elektriese ingenieurswese verwerf.) In 2007 het sy begin terugkeer na die visuele kunste en begin werk aan die moontlikhede wat rekenaartegnologie bied. Die resultaat was onder meer *The Chrysanthemum* wat in 2009 op die Design Indaba aangewys is as die "allermooiste voorwerp".

Absa bring vanjaar weer 'n versameling werke na die fees asook landskapwerk deur Strijdom van der Merwe. Daar is in die Prins Vincent-gebou in Baron van Reedestraat ook uitstallings van werk deur die Artist Proof Studio en Suzanne du Preez, 'n uitstalling aangebied deur Gallery AOP van werk deur Marcus Neustetter, daar is werk van Paul Boulitreau en 'n versameling grafiese werke getiteld *Jean Pons and Friends* – 'n versameling van werke deur Franse kunstenaars. Vyf jong kunstenaars bied hulle werk aan onder die titel *1/5* en Ian van Straten stal 'n versameling foto's uit. Benewens dié galerywerke is daar vanjaar ook landskap- en straatkuns: Hannelie Coetzee en Usha Seejarim wys die foto-materiaal wat voortspruit uit 'n fotografie-werksessie met jong mense van Oudtshoorn, Gordon Froud en vier ander kunstenaars maak groot installasiewerk vir Baron van Reedestraat en die Syltstigting bied, in samewerking met die Absa KKNK, saans 'n performance aan in dieselfde straat. (Die tye en plek sal op die Absa KKNK-webblad en in die feesgids aangedui word.) Roger Young en

vriende is vanjaar weer op hul pos op die pad na Kruisrivier met 'n uitstalling van kuns- en handwerk. Daar is weer elke oggend om 10:00 'n begeleide toer deur die gallery-uitstallings. Die rondleidings word deur Johan Myburg, die feeskurator, aangebied. Bespreek deur Computicket vir dié toere.

Johan Myburg, kurator: visuele kuns

Hoe om kaartjies te bespreek

AFSLAG
Die Absa KKNK bied afslag op voorafverkope vir groter groepe. Daar is 10%-afslag vir groepe van 20 tot 49 mense en 15% vir roepe van 50 en groter vir dieselfde vertoning. Tydens die fees word kaartjies vir sommige optredes teen halfprys aangebied. Besonderhede hieroor is daagliks by Computicket op die feesterrein beskikbaar.

VOORWAARDES
- Afslag geld vir alle optredes.
- Kaartjies waarop afslag verdien is, kan nie omgeruil word nie.
- Waar daar verskillende kaartjiepryse is, word die afslag bereken op die prys van die sitplekke wat geneem word.

KORPORATIEWE BESPREKIINGS
Tel. 011 340 8125/8475

Maandag tot Vrydag: 08:00 – 17:00
Saterdag: 08:00 – 13:00

OPSIE 1: PERSOONLIK MET 'N KEUSE VAN BETAALOPSIES
- Besoek enige tak van Computicket of Shoprite/Checkers landwyd.
- Besoek die tydelike Computicket in die Rembrandtsaal, CP Nel Museum, Baron van Reedestraat, Oudtshoorn (slegs vanaf 31 Maart 2010).
- Betaal kontant of met 'n kredietkaart. Kaartjies word dadelik uitgereik.

OPSIE 2: TELEFONIES PER KREDIETKAART
- Skakel 083 915 8000 of 011 340 8000 van Maandae tot Saterdae tussen 08:00 en 20:00. Dieselfde reëling geld op Menseregtedag (21 Maart).
- Bespreekte kaartjies kan by enige tak van Computicket of Shoprite/Checkers afgehaal word. Die kredietkaarthouer moet sy kredietkaart wys en vir die kaartjies teken wanneer dit afgehaal word.
- Tydens die fees is kaartjies beskikbaar by Computicket in die Rembrandtsaal, CP Nel Museum, Baron van Reedestraat, Oudtshoorn.
- Kaartjies kan net afgehaal word met dieselfde kredietkaart as waarmee dit bespreek is.

OPSIE 3: INTERNET PER KREDIETKAART
- Bespreek direk by www.computicket.com.
- Bespreekte kaartjies kan voor die fees by enige tak van Computicket of Shoprite/Checkers afgehaal word of tydens die fees by Computicket in die Rembrandtsaal, CP Nel Museum, Baron van Reedestraat.
- Kaartjies kan net afgehaal word met dieselfde kredietkaart as waarmee dit bespreek is.

HOU DIE VOLGENDE IN GEDAGTE
- Computicket op Oudtshoorn is van 31 Maart – 8 April 2010 daagliks oop tussen 08:30 en 19:00.
- Kaartjieverkope by Computicket sluit 120 minute voor die begin van die vertoning of om 17:00 as dit op dieselfde dag ná 19:00 plaasvind.
- Indien daar nog kaartjies beskikbaar is, word dit van 40 minute voor die begin van die vertoning by die venue van aanbieding verkoop.
- Kaartjies wat nie teen 120 minute voor die vertoning by Computicket afgehaal is nie, sal ook by die venue beskikbaar wees.
- Maak seker dat jy jou program goed beplan, aangesien kaartjies ná bespreking en betaling nie omgeruil of gekanselleer kan word nie.
- Indien kaartjies verlore raak, kan dit nie heruitgereik word nie.
- Laat genoeg tyd tussen jou vertonings toe aangesien laatkommers nie toegelaat word nie.
- Jy kan nie 'n terugbetaling verwag as jy nie by 'n vertoning toegelaat is omdat jy laat was nie.
- Navrae: 083 915 8000.

KLIEK

Vir meer inligting oor die Absa KKNK-lojaliteitsklub, Kliek, besoek die webblad by www.absakknk.co.za of bel die feeskantoor by 044 203 8600.

Nuwe venues

Jamstreet Amfi – Oudtshoorn se heel eerste opelug-amfiteater wat altesame 1 200 mense kan huisves, is geleë op die plaas Jamstreet, sowat 6 km buite Oudtshoorn. (Dit sal sowat tien minute neem om die venue te bereik.) Die plaas Jamstreet is ook waar die galery Moooi geleë is en waar *Ararat* in 2009 in die Volstruiskamp aangebied is. Die ander nuwe venue, die Jamstreet Plaasteater, is ook hier geleë en beide die musiekproduksie *Mincing in die Klein Karoo* en die leefstyl-aanbieding *'n Henne kêkkel in Oudtshoorn 2* sal hier aangebied word. Die Jamstreet Amfi vorm deel van Oudtshoorn Oraloor deurdat die drama *Taraboemdery* saans hier onder die sterre aangebied sal word.

Jamstreet Plaasteater – sien Jamstreet Amfi.

Vredestraat-sportterrein – Dié terrein waar die dansproduksie Grond saans opgevoer word, is stapafstand van die Absa Burgersentrum en geleë in Vredestraat.

LET WEL:

Die program en rolverdelings is onderhewig aan verandering. Hou die amptelike webblad by www.absakknk.co.za dop vir veranderinge en kennisgewings.

Absa KKNK 2010 Rivierbuurt in Feesdistrik